LOURENSRIVIER GEMEENTE

Joh 12:24

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

OORGEE OMGEE AANGEE

www.lourensrivier.co.za | Tel: 021 8535991

05 Februarie 2017

WELKOM BY ONS EREDIENS!

Diens: Petrie de Villiers

5 DE WEEK NA EPIFANIE

Fokusteks uit Leesrooster: **1 Kor 2:1-16**

RCL tekste: Jes 58:1-12; Mat 5:13-20
Ps 112:1-10

Deurkollekte: Uitreikfonds

BELOFTELAND: 09:00 (3jr - Gr R)
Louise Botha & Span

DINAMIET KIEDZ: 09h00-10h15

Sanel & Hennie: Gr 1 tot 4 in saal
Karin: Gr 5 in Kleinsaaltjie
Jackie & Lizeri: Gr 6 in die "Gat"
Liesbet: Gr 7 in die "Gat:

Navrae: Sanel Woodward:
021 854 8276 OF 0827068642

LIFELINE JEUG: Gr. 8 - 12 in Kerk @ 17:45:
ADMIN AAND
Constant @ 072 224 3267
JT @ 082 585 7578

KNIEWERK: Petrie vir diens

- Retha vd Westhuizen (kanker)
- Makkie Marx (vir gesondheid)
- Elaine Hobson vir spoedige en volkome herstel
- Simon Wiese vir spoedige en volkome herstel na skoueroperasie
- Cynthia de Witt (vir spoedige en volkome herstel van voet)
- Ons bid vir reën buite seisoen, vir ons land, vir toewyding aan ons Here Jesus asook veroodmoediging.

FOKUSTEKS: 1 Kor 2:1-16

Ons swakhede blokkeer God nie
Die belangrikste les is dat ons swakhede God nie blokkeer nie. Nie Moses, Jesaja, Jeremia of Paulus se swakhede kon God se werk keer nie. Ons s'n ook nie. God slaan 'n reguit hou met 'n krom stok.
Die troos is: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wan-neer jy swak is." (2 Kor 12:9). Daarom, sê Paulus, "sal ek baie liewer oor my swak-hede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk." (12:10). Wanneer ons getuig van die Lam van God, aan die kruis ter slagting gelei, werk die Gees kragtig.
So word die evangelie versprei.

IS DAAR DAE WAT JY **"AF"** VOEL? KRY JY **SWAAR**? **SUKKEL** JY OM GEESTELIK EN LIGGAAMLIK **STERK** TE BLY? HET JY **GEBED** OF **BEMOEDIGING** NODIG? **ONS WIL JOU SÓ GRAAG BYSTAAN!**
Kontak:
Kerkkantoor: 021 853 5991

GEBEDSTEMA: FEB 2017

Week 2: 5 Feb – 11 Feb

***Kleingroepe en Jeug (*Psalm 119:9)**
Hoe kan n jongmens sy lewe leef soos U wil hê? As hy alles doen wat U sê.

Hebreers 10:25
Juis daarom moet ons gereeld bymekaarkom en nie sommer wegbly nie, al doen party van julle dit moedswillig. Laat ons mekaar se hande vat en mekaar daarmee help, veral as ons daaraan dink dat dit nie meer lank is voor die Here weer kom nie .

KOM WORD DEEL VAN DIE HARTKLOP VAN ONS GEMEENTE!

Skakel in by onderstaande Gemeente-aksies of 'n Omgee/ Kleingroep (kontak Kerkkantoor , 021 853 5991)

HOU ASB IN GEDAGTE DAT DIT 'N JAAR-PROGRAM IS, DUS SAL DAAR ONDERLINGE REëLINGS WEES INDIEN DAAR AFWYKINGS IN TYE OF DATUMS IN DIE WEEK IS

MAANDAG:

19h00: Rapha Vrouegroep (elke 2de Ma.)
Jackie Strauss; 084 505 2908;
(Sien byeenkomsdatums in Gemeentegids)

19h30: Kooroefening @ Kerkgebou
Stephan Meyer; 082 832 9420

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DINSDAG:

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 2&3
@ Konsistorie of Raadsaal.

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

WOENSDAG:

08h00: Sr. Mannebyeenkoms @ Moederskamer;
Louis Steyn; 083 415 3031

09:00: Gebedsgroep in Moederskamer;
Riana van Huyssteen; 084 888 8614

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 1&4
@ Konsistorie of Raadsaal.

12h30: SNUFFELMARK @ Kerksaal
Elke laaste Wo. van maand
Skakel Kerkkantoor: 021-853 5991

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DONDERDAG:

09h00 Gebedskursus
Kontak: Annalie Botes @ 021 854 4620

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

VRYDAG:

05h30: Mannebyeenkoms @ Smiling Oven;
Nic Huisman; 0825522423

06h00: Mannebyeenkoms @ Konsistorie
Ds. Leopold

19h00: #espresso-jouself Koffiekroeg vir jong volwassenes **@ Kleinsaal (Broadway-kant)**
Pieter Mouton; 083 391 5507

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

MAT 18:20 "want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

NUWE INTREKKERS?

Baie

by ons Gemeente!

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken waarna iemand in die Kerkkantoor jou sal kontak.

Die boekie is ook daar vir ENIGE IEMAND wat 'n huis-besoek verlang, voorstelle, of gebedsversoek het.

Kom drink na die diens
'n heerlike koppie tee/koffie in die voorportaal saam met ons.

PRODUKTE WAT BENODIG WORD VIR DIE KOSKAS

ONTHOU produk (te) hoef nie meer as R20 te wees nie.....
ELKE BIETJIE HELP

(Gebruik mannasakke by deure of gee vir Wyk se Kosmandjie)

Pakkies Sop en sakkies sopmengsels
Blikkies Vis & Bief
Blikkies gemengde groente
Pakkies Soya Mince
2 Minute Noodles
Spaghetti & Macaroni
Klein pakkies suiker, koffie en tee
Poeiermelk & Boksies melk
Toiletpapier
Tandepasta, Seep, Sjampoe, Doekies
Skoonmaakmiddels

DIT WORD Sóóó WAARDEER!
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DECOLIGNY UITREIK: Daar sal nie vanjaar 'n Strand-groep na Decoligny gaan nie. Stellenbosch-Wes se groep maak reeds 2 bussies vol. (Ons voel dat groepe nie te groot moet wees om by lidmate huisbesoek te doen nie.) DV neem ons weer in 2018 'n groep van die Strand. Groete, Willem Botes

Nog by Kerkkantoor te koop vir Voedselfeesfonds: Lappieboontjies vir heerlike sop, sousbone en nog meer (500g @ R20)
Hoendermis @ R25 per kg: konsentreerd

DINAMIET KIEDZ

Liewe ouers, ons wil julle baie mooi vra dat julle jul kosbare kindertjies op Sondae eers om 10h15 kom haal. Van 09h00 tot 09h15 sing ons, waarna die storie en boodskap volg. Om 09h45, verdaag die groepies saam met hul leiers na hul klassies waar die nodige vaslegging plaasvind dmv speletjies en ander aktiwiteite tot 10h15.
Jul kan dus verstaan dat die Kiedz een van die belangrikste gedeeltes van die oggend uitmis as hulle vroeër moet gaan. Drink asseblief 'n ou koffietjie in die voorportaal terwyl ons jul kinders se verhouding met Jesus versterk met kennis en pret.

Die Kerkraad het toestemming gegee vir die gebruik van die **ZAPPER selfoon toepassing** as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en Dankoffer bydraes.

Vir meer inligting of navrae, kontak Annalie @ 021 853 5991

zapper™
pay with
VISA
and many more
www.zapper.com
scan to pay this bill

VERSOEK VAN ACVV DIE SPEELKASTEEL:

Ons benodig dringend mense wat bereid sal wees om op die Beheerraad van ACVV Die Speelkasteel te dien – enige iemand wat sou belangstel moet werklik die belange van kinders op die hart dra en vir kinders omgee. Hulle kan my ook kontak by die skool: 021 853 7865.
Vriendelike groete, Anneke Theron (Skoolhoof)
021 853 7865 / 083 577 2004 / speelkasteelstrandhoof@acvv.org.za

ACVV
www.acvv.org.za

WEGNEEMETES: Vrydag 3 Maart (vir ons Voedselfees)

Hierdie jaar is daar Kerrie & Rys @ R30, 'n Jumbo Hamburger (heerlike bief patti van Flameros) @ R30 asook Pannekoek @ R5

Jou dienswerker sal jou besoek met die ete-opnames.

Satelietwyk lidmate kan kaartjies by kantoor koop.
Kontak: 021 853 5991

ARBEIDSBEDIENING Sê DANKIE:

Liewe Vriende, namens almal by ARBEIDSBEDIENING wil ek julle bedank dat julle weereens vir ons so wonderllik bygestaan het met ons jaarlikse Vrugtemark. Baie dankie vir Annalie wat so gehelp het en boodskappe oorgedra het en gehelp het met die reelings. Hartlike dank gaan ook aan Anna van der Merwe vir die heerlike brood en beskuit wat sy gebak het. Ons het baie goeie terugvoer gekry oor die smaaklike beskuit en lekker brood. Baie dankie ook aan Vollie en Myna Volschenk wat so fluks gehelp het met die verkope. Ons waardeer julle almal se hulp regtig baie. Sonder julle bystand sou ons nie hierdie mark so suksesvol kon afhandel nie. Tot dusver het ons R22,000 ingesamel met nog geld wat uitstaande is. Ons is baie dankbaar vir die mooi bedrag aangesien daar heelwat minder vrugte was.
Julle hulp het daartoe bygedra dat ARBEIDSBEDIENING soveel meer kan doen om die Blye Boodskap by die werkende publiek te bring. Mag julle almal Sy seën in ryke mate ervaar. Met beste groete, Jan van den Berg (Administratiewe Sekretaris)

FEBRUARIE SE RIVIERTJIE BESKIKBAAR OP ONS WEBTUISTE:
www.lourensrivier.co.za

MAKWE MISSION: NUUTSTE NUUSBRIEF BESKIKBAAR OP HUL FACEBOOKBLAD BY https://www.facebook.com/MakweMission/?fref=ts



ACVV HUIS JAN SWART
POTJIEKOSKOMPETISIE

Plek: Lourensrivierweg 120
Strand
Datum: 25 Februarie 2017
Vanaf: 12:00 - 17:00

Koste: R50-00
Sluit in: Potjie porsie, rys & tuisgebakte brood

Kaartjieverkope vanaf 13/02/2017
by Henriette/Anderesa
by 021 854-3763.

Verskeidenheid potte om vanuit te kies.

Yskoue koeldrank en skyfies word ook te koop aangebied!

Marius & Jackie Dippenaar maak musiek!

Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom!
Besprekings moet afgehaal word teen 17h00.

'N GROOOOT DANKIE AAN PAM GOLDING WAT ONS NUUSBRIEWE INKLEUR :)

Printing sponsored by Pam Golding Properties
Edelweiss Hankey 083 252 1964
edelweiss.hankey@pamgolding.co.za
pamgolding.co.za
PAM GOLDING PROPERTIES